Kempie Klets

Uitgawe 4: 5 Maart 2010

Uit die Hoof se kantoor . . .

Geagte Ouers

Interhoër vir top skole

Hierdie is die tweede laaste Kempie Klets vir die kwartaal. Daar het al soveel mooi dinge die kwartaal met die Kempies gebeur, dat ons bekers regtig oorloop van vreugde. Die akademiese toekenningsaand het die mooi van die akademie onderstreep van 2009. Die besondere toekenning aan die leerders van graad 8 tot 12 en die personeel is nog vars in ons geheue, toe ons die atletiek arena op Rustenburg betree vir die hoogtepunt van die skole atletiek kompetisie waar die beste van die bestes mekaar pak in die jaarlikse Interhoër.

Monument was op almal se lippe. Hulle was werklik die gunsteling om die dag as wenners gekroon te word. Hulle het egter nie rekening gehou met die hart van 'n Kempie nie. Soveel toewyding, soveel deursettingsvermoë en soveel baklei tot die einde was eienskappe van elke atleet. Met die aankondiging dat die Kempies die gemengde skole se kompetisie gewen het, het emosionele tonele hulle afgespeel soos mense uiting aan hul vreugde gegee het. Monnas is in die tweede plek met 28 punte na ons, en Waterkloof in die derde plek met 80 punte minder. Die dogters het ook weer die dogtersafdeling gewen en die seuns was vierde.

Geluk aan elke atleet en afrigter. Julle het ons gemeenskap trots gemaak met die besondere prestasie. Dankie aan personeel, ouers en ondersteuners vir die vertroue wat julle in ons atlete gehad het. Laat die doemprofete, wat glo die eerste wen was 'n gelukskoot, kennis neem – die Kempies heul nie met die geluksgodin nie, hulle glo aan eerlike harde werk. Ons kan nie nalaat om ons Hemelse Vader te eer vir die talente wat hy aan ons atlete en afrigters gegee het nie. Soli deo Gloria!

Sport en Kultuur toekennings 2009

Die distrik het die week ook die sport - en kultuur toekennings van 2009 afgehandel. Groot was die vreugde toe Hoërskool Kempton as Top Kultuurskool **en** as Top Sportskool vir 2009 in die Ekurhuleni streek aangewys is. Dewald van Heerden en Anri Steyn was sportseun en -dogter van die jaar, en Petru-Marti Kriel as kultuurdogter van die jaar gekroon. Die volgende personeel het ook almal toekennings in verskillende kategorieë by die funksie ontvang: Me. Susa van der Merwe (kultuur administrateur), mnr. JJ Smith (atletiekafrigter en administrateur), me Lhente Pitout (koor dirigent), mnr. Dawie Diedericks (rugby afrigting en administrateur). Hierdie toekennings is 'n pluimpie vir die veelsydigheid wat die Kempies op alle terreine uitleef. Geluk aan die betrokkenes – julle dra die naam van die skool op besondere terreine uit.

Gideons besoek die skool

Die Gideons besoek ons op 11 Maart met hulle uitreik na ons graad 8-leerders. Elke kind ontvang 'n sakgrootte Bybel as geskenk. Ons wens die Gideons by voorbaat te bedank vir die besondere uitreik na die Kempies se nuwelinge. Die Woord van die Here is die lig op ons lewenspad wat koers en rigting moet aandui. Ons bede is dat ons kinders geestelike waarde sal put uit hierdie geskenk. Ons verhouding met die Here is een wat nie kan wankel nie – daarvoor het Hy 'n te duur prys betaal.

Toetsreeks en ekstra klasse

Na die week se opwinding met die atletiek, hervat die toetsreeks en ekstra klasse weer volgende week. Kom ons maak seker dat hierdie leerwerk stip nagekom word. Die matrieks se verpligte ekstra klasse is op Maandae tot 15:00. Sillabus werk word hier behandel en matrieks is verplig om dit by te woon.

Wintersport 2010

Die wintersporte het almal die proewe vir spankeuses afgehandel. Saterdag is die eerste wedstryde en ons sien baie daarna uit om te sien hoe die eerste skote op die wintersportvelde gaan klap. Ons doen 'n beroep op ouers en ondersteuners om te verseker dat die gedrag en opmerkings langs die veld positief en opbouend sal wees. Help op so 'n manier om by te dra tot 'n aangename atmosfeer langs die veld. Belangrikste van alles, geniet dit!

Die volgende Kempie Klets verskyn 18 Maart. Groetnis tot dan.

Roelof Burger

(Skoolhoof)

Kempies Atletiek doen dit weer!

Die Kempies atlete het vanjaar na 'n moeilike seisoen weer die Interhoër A-bond gewen teen baie mense se verwagting in! Atlete en personeel moes reeds vroeg opstaan, ver ry en die Bosveld hitte trotseer en baie hard werk om die gesogte trofee weer huis toe te bring – en hulle het dit reggekry! ! !

Algemene totale was as volg:

Dogters
1) 420 H/S Kempton Park
2) 363 H/S Monument
3) 353 Afrikaans Hoër Meisies
4) 309 H/S Noord heuwel
5) 304 H/S Waterkloof

Seuns
1) 453 Afrikaans Hoër Seuns
2) 367 H/S Waterkloof
3) 360 H/S Monument
4) 341 H/S Kempton Park
5) 297 H/S Nelspruit

Algeheel
1) 751 H/S Kempton Park
2) 723 H/S Monument
3) 671 H/S Waterkloof
4) 567 H/S Nelspruit
5) 556 H/S Noordheuwel

Trofee wenners:
Beste Baan atleet Junior seun: Tiaan Jacobs
Beste Baan Atleet Junior dogter: Suné Jonker
Victor Ludorum: Tiaan Jacobs

Wintersport begin 6 Maart 2010

Saterdag speel die Rugby en Netbalspanne weg teen Marais Viljoen.
Busse vertrek om 06:00 en kinders moet reeds 5:45 by die skool wees:

Program: Saterdag 6 Maart

Rugby:
O/14A (A-veld) 8:00
O/14B (B-veld) 10:00
O/14C (C-veld) 9:00
O/15A (A-veld) 9:00
O/15B (B-veld) 11:00
O/15C (D-veld) 8:00
O/16A (A-veld) 11:10
O/16B (C-veld) 8:00
O/16C (C-veld) 10:00
4e (B-veld) 9:00
3e (B-veld) 8:00
2e (A-veld) 10:00
1ste (A-veld) 12:10

Netbal:
O/14A (Baan 2) 8:00
O/14B (Baan 2) 9:00
O/15A (Baan 1) 9:00
O/15B (Baan 3) 9:00
O/16A (Baan 1) 11:00
O/16B (Baan 3) 8:00
O/17A (Baan 1) 10:00
O/17B (Baan 2) 11:00
O/18A (Baan 1) 8:00
O/18B (Baan 2) 10:00

Volgende Saterdag 14 Maart begin die ***NupowerTuksreeks*** (Hokkie, Netbal en Rugby) te Klerksdorp. Busse vertrek 5:00 Leerlinge moet reeds 04:45 by die skool wees.

Sterkte aan al ons wintersport spelers en afrigters.

TENNIS

Junior Tennis Proewe (Gr.8/9) vind Vrydag direk na skool en Saterdag vanaf 8 uur plaas by die Kempton Klubbane.

Dis baie noodsaaklik dat alle junior tennisspelers die proewe sal bywoon om te kwalifiseer vir die Junior ranglys vir die Super 16 spanne.

Kishougroete! !



Gimnastiek: koningsport—waar almal welkom is

Die Kempies se amptelike gimnastiekspan word tot en met 12 Maart saamgestel. Alle Kempies en veral atlete wat tot op hede nog nie kom aanmeld het nie, is baie welkom om nog te kom aanmeld vir Artistiese gimnastiek (apparaatgimnastiek), Ritmiese gimnastiek (dans met hoepel, linte ens.) en Trampolien.

Die oefenroosters is by Me H Smit (k106) beskikbaar vir alle ou en nuwe gimnaste. Kom meld so gou as moontlik aan, aangesien die 1e kompetisie reeds direk na die skoolvakansie begin. Daar is meer as genoeg tyd, maar die leuse van die Kempies, nl. "Daar's werk" gaan nog nuwe betekenis kry.

Sien jou sommer al Donderdag (14:15 – 16:15) vir Artistiese- en Vrydag (13:00 – 16:00) vir Ritmiese gimnastiek. Trampolien vind op Dinsdae en Donderdae om 17:30 – 20:00 plaas (Kontak Me Lynette Labuschagne in dié verband)

Musiekakademie

Die musiekakademie van Hoërskool Kempton Park funksioneer reeds vir 'n paar jaar en 'n waardevolle bydrae op kultuurgebied word aan die gemeenskap in en om Kempton Park gelewer.

Die volgende instrumente word aangebied: klavier, viool, tjello, individuele sang, kitaar, klawerbord.

Daar word ook aan eksterne eksaminering en kunswedstryde deelgeneem.

Voorskoolse tot volwasse leerlinge word toegelaat.

Vir enige navrae skakel Me Senekal by 011 972-5061(h) 079 516 8908(s) of by die skool 011 970-2102.

English Speech Competition

Datums

Graad 8	15 Maart
Graad 9	8 Maart
Graad 10	11 Maart
Graad 11/12	23 Maart

Rooikrans-avontuur lê voor: 19-21 Maart

'n Ou gunsteling van die afgelope 2 jaar, is weer op die Voetslaan- en avontuurklub se "spyskaart"

Rooikrans is geleë aan die "ongerepte" agterkant van Loskopdam en die mooi rotsformasies, plantegroei, waterstrome en vergesigte oor die dam bied iets vir die oog om elke hoek en draai. Die roete is ongelooflik goed uitgelê en gemerk met lekker kuierhoekies vir 'n blaaskansie.

Omdat die roete 'n basiskamp het met 'n 10/15 km roete op die eerste dag wat Job se kloof insluit en ± 10 km op die tweede dag, is geen rugsakke nodig nie. Slegs dagsakkies met snoepies vir die pad om die saamkuier met maats nog lekkerder te maak, asook genoeg water, is 'n noodsaaklikheid.

Kom gee so gou moontlik jou naam op by Me Smit (k.106) aangesien plek beperk is tot 14 minimum / 22 maksimum. Onkoste beloop R180 p.p en sluit vervoer, oornag- en stapfooie asook 'n spanete in) – inbetalings by Me E de Bruyn in die kantoor.

Sluitingsdatum: Maandag, 15 Maart – finale briewe met reëlings en 'n paklys sal dan aan almal beskikbaar wees wat gaan.

LOCCA SLUITKASSIES

Locca

Is jy op soek na 'n eksklusiewe, veilige en gerieflike sluitkassie?

LOCCA sluitkassies is nou by die Kempies beskikbaar.

Wat maak LOCCA so besonders?

- Jy gebruik nie 'n slot en kan nie jou sleutel verloor nie: LOCCA het 'n gesofistikeerde kombinasie slot (presies dieselfde slotte as wat in Amerika gebruik word, is nou by Kempies)
- Locca sluitkassiedeure is gemaak van 2mm staal; dus 'n baie veilige opsie.
- Die Locca sluitkassies is gerieflik en sentraal op die plein geleë.
- Sporttoerusting **EN** boeke pas maklik in 'n sluitkassie.
- Groottes verskil en is ontwerp vir verskillende sportsoorte – selfs kriekettoerusting pas maklik in.

LOCCA pryse vir 2010:

"Normal" sluitkas : R1140 per jaar of R180 eerste termyn en R360 per termyn daarna
"Sport" sluitkas : R1230 per jaar of R195 eerste termyn en R390 per termyn daarna
"Large" sluitkas : R1490 per jaar

Daar is tans minder as 100 van hierdie sluitkaste beskikbaar. Aansoekvorms is by Me Doman beskikbaar. Navrae kan ook gerig word aan locca@locca.co.za



Gesinspitkos

Ouerbegeleiding
Is my tiener se gedrag normaal?

Hoe weet ek of die gedrag wat my tiener openbaar normaal vir sy/haar ontwikkelingsfase is en wanneer is daar rede tot kommer? Dit gebeur so dikwels dat ouers hul tiener se gedrag beskou as 'n fase wat sal verbygaan en eers te laat besef dat indien vroeër opgetree is, baie hartseer gespaar kon gewees het.

Kom luister gerus na die kundige spreker, sielkundige Chris Ipland oor hierdie onderwerp op 11 Maart 2010. Tydens hierdie geleentheid sal hy ouers toerus om te kan onderskei tussen normale tienergedrag en risikogedrag; asook wat my as ouer te doen staan om my tiener te kan help.

Wanneer: 11 Maart 2010, 19h00.
Waar: Hoërskool Kempton Park, Personeelkamer.
Toegang: Gratis, almal welkom.

Indien daar enige navrae is, kan u Christel Viljoen by 011 970 2102 skakel.

Hoop om u daar te sien.

Kamers beskikbaar in Tuiste vir bejaardes vir nie-rokende selfversorgende dames bo 60 jaar. Etes en wasgoed ingesluit. Skakel 071 226 6825 indien belangstel.

FISH FOR MUSIC

Teacher of Guitar
Recordings & Studio Work
Live Band (Profile) for all Functions
Sound for Hire + Disco
Guitar Repairs



Contact Fish @
011 394 4540 /
083 376 0573



"PERSONAL EXTRA TUITION IN MATHEMATICS AND PHYSICAL SCIENCE FOR GRADES 8 - 12.

Reduced rates are offered for groups of students Where-in numbers would be limited to a maximum of 5 students

CONTACT: Christopher Middleton

Email: wbrooke@netactive.co.za

Cell phone: 082 920 3107"

Gebedsgroep

Indien God dit op jou hart lê om vir jou kinders en vir ander se kinders, vir personeel en vir die skool te bid, kom sluit by ons aan by die gebedsgroep.

Ons bid op die 1ste en 3de Donderdag van elke maand om 9:30 in die raadsaal.

Jacobus 5:16 :
" Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking"

Indien jy meer wil weet, kontak vir Tertia by 083 5568781

Bekroonde Haarstilis is terug!

Spesiale aanbod vir Februarie en Maart

Haarsny: R50
Blaas van hare: R50

Skakel Belinda by 076 442 6299

- Industrial & Domestic Roofing
- All types of Ceilings
- All types of Roof Repairs
- Fascia Boards
- Specialised in new and Repairing of Slate & Tile Roofs
- Roof Painting
- Waterproofing
- Guttering

EL-SHADDAI VETKOEK KOMBUIS

101 Commissioner Street
Kempton Park
Tel: (011) 975-8444

Ons nooi almal uit om ons lekker Vetkoek sowel as vis en skyfies te kom probeer en om ons te kom ondersteun. Publiek is welkom om telefonies bestellings te plaas.

"Platters" op versoek.

Ons besigheidsure is as volg:

Maan.	10:00 - 19:00
Dins—Vry	09:00-19:00
Saterdae	09:00 - 14:00